Beste Voortrekker Januarie 2018

**LUNSKLIPKAMP: 31 Maart - 8 April 2018: Selfbehoud, Binnekring, Buitegroep en Veldwerkspesialisering**
**3 - 8 April 2018: Graad 8 – 10 kursusse**

Lunsklip, die oudste veldwerkkamp in Die Voortrekkers, word vanjaar vir die **sewe en vyftigste jaar** op die wonderskone Percy Fyfe Natuurreservaat, naby Potgietersrus, aangebied. Nie net is Lunsklip die oudste veldwerkkamp nie maar ook die kamp waar die **Selfbehoudkenteken** baie jare gelede ontwikkel is.

Die **Buitegroep** vir graad 12's, bestaan al langer as 50 jaar, en is uniek aan Lunsklip en slegs moontlik indien die Verkenner Selfbehoud op Lunsklip gedoen het en daarna die **Keurkamp** geslaag het. Dit is 'n een-keer-in-'n-leeftyd-ervaring wat 'n Verkenner nie behoort mis te loop nie.

Die **Veldwerkspesialiseringskursus** vir volwassenes en is daarop gemik om die kursusganger toe te rus met kennis en vaardighede om daarna as 'n aanbieder en/of groepoffisier vir Verkenners te kan optree.

Volwasse lede wat reeds die Veldwerkspesialiseringskursus suksesvol voltooi het, en betrokke wil wees as **kursusaanbieders of groepoffisiere**, moet asseblief:

1. vir Marlie van der Merwe voor 1 Maart kontak vir indeling by 'n kursus.
2. Inskryf op die inskryfvorm vir offisiere.

| Datum | Kursus | Beskrywing | Getal-beperking | Kamp-geld | Bus-geld | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 31 Mrt – 8 Apr | Selfbehoud | Gr 11 of 12 | geen | R775 | R275 | R1050 |
| 31 Mrt – 8 Apr | Buitegroep (keurgroep) | Gr 12 | | R775 | R275 | R1050 |
| 31 Mrt – 8 Apr | Binnekring (op uitnodiging) | Gr 12 | | R775 | R275 | R1050 |
| 3 – 8 Apr | Kamplewe/Touwerk | Gr 8 - 9 | 25 | R550 | R275 | R825 |
| 3 – 8 Apr | Voetslaner/Sterrekunde | Gr 8 - 9 | 25 | R650 | R275 | R925 |
| 3 – 8 Apr | Natuurbewaring/Vuurwapens | Gr 9 | 40 | R750 | R275 | R1025 |
| 3 - 8 Apr | Kampbeveiliging/Paraatheid | Gr 10 | 20 | R675 | R275 | R950 |
| 31 Mrt – 8 Apr | Veldwerkspesialisering | Volwassenes | | R725 | R275 | R1000 |
| 31 Mrt – 8 Apr | Kursusaanbieder (Hele kamp) | Volwassenes | | R600 | R275 | R875 |
| 3 – 8 April | Kursusaanbieder (Junior Fase) | Volwassenes | | R475 | R275 | R750 |
| 31 Mrt – 8 Apr | Kombuis | Volwassenes | | R600 | R275 | R875 |

**KOMBUIS**
Volwassenes is welkom om op die volwasse inskrywingsvorm vir die kombuis in te skryf nadat hulle by die kampsekretaresse seker gemaak het dat daar nog plek is.

**VERVOER**
Busvervoer word vanaf Waterkloof Hoërskool, in Pretoria, gereël vir die eerste 60 Verkenners wat inskryf vir elke fase. Verkenners is welkom om van privaatvervoer gebruik te maak maar onthou net dat die tolgeld vanaf Pretoria na Lunsklip ongeveer dieselfde is as die busgeld van R275. Dan kom die brandstofkoste nog by.

**HUISVESTING**
Tente word vir Verkenners verskaf, maar volwassenes sorg vir hulle eie huisvesting. Geen Verkenners bring hulle eie tente nie.

**LIDMAATSKAP**
Lunsklip is 'n Voortrekkerkamp en daarom is lidmaatskap van Die Voortrekkers vanselfsprekend vir sowel jeuglede as volwassenes wat saamkamp. Diegene wat nie lede is nie, maar steeds, met die kennisname van die kampleier, saamkamp, moet asseblief die L8 of L9 vrywaringsvorm voltooi.

**KAMPHEMP**
'n Gratis kamphemp met vanjaar se unieke kampembleem word vir almal gedruk maar ten einde die korrekte groottes te druk is dis noodsaaklik dat dit op die inskrywingsvorm bestel word.

**ADMINISTRASIE**
1. Inskrywingsvorms is beskikbaar ophttp://inskrywings.voortrekkers.co.za/ Voltooi asb elektronies en stuur in voor of op 1 Maart 2018.
2. Kampgeld moet voor of op 26 Maart inbetaal wees. Dit kan in die volgende rekening gedeponeer word: Lunsklip Selfbehoudkamp, ABSA, Silverton, rek no: 0-7015-2738, takkode 632005.
3. Die inbetalingsbewys moet asseblief ook na bg e-posadres ge-e-pos word.
4. 'n Inligtingsbrief met verdere besonderhede sal aan elke Verkenner wat inskryf, ge-e-pos word.
6. Moet asseblief nie huiwer om vir Janie van Heerden te skakel of te e-pos indien daar enige probleme met die administrasie is nie.
7. ***Indien 'n kommando of enige persoon bewus is van 'n Verkenner of selfs volwassene wat die kamp om finansiële redes nie kan bywoon nie, kontak asb die Kampleier of Adj Kampleier (admin) sodat 'n borg vir so 'n persoon gereël kan word. Moenie huiwer om dit te doen nie!***

**Samevatting van datums**

| | |
|---|---|
| • Sluitingsdatum vir kursusaanbieders registrasie | 1 Maart |
| • Sluitingsdatum vir inskrywingsvorms | 1 Maart |
| • Sluitingsdatum vir kampgeld | 26 Maart |
| • Kampdatum: Graad 11 en 12 | 31 Maart - 8 April |
| • Kampdatum: Graad 8-10 | 3 – 8 April |

**Malan le Roux**
**Kampleier**
**071 609 5167**

Die Voortrekkers

**Janie van Heerden: Kampsekretaresse 0825826354; lunsklipkamp@gmail.com; www.lunsklip.org.za**